Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

18 MAART 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENSTE

Reik uit oor alle grense

Efesiërs 3:14-21

JEUGDIENS

A different point of view

2 Kor. 5:16-21

DEUROFFER

Teologiese Kweekskool

Verantwoordelik vir die opleiding van predikante.

			18 Maart		25 Maart	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Duvenhage	4	Ds. Breytenbach	5/1 + 7/8
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Kotze	6	Geen diens	-
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Geen diens	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Breytenbach	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Duvenhage	1	Ds. Breytenbach	12

NUWE LERAAR

Die kerkraad het besluit dat die proses rondom die aanstelling van 'n nuwe leraar van vooraf begin word. Die vakature word weer geadverteer en ons hoop om in Meimaand 'n beroep uit te bring. Ons sal lidmate deur middel van die bulletin op hoogte hou met die vordering.

GESAMENTLIKE DIENS SONDAG 25 MRT

Ons nooi lidmate om die gesamentlike diens op Sondag 25 Maart om 09:00 in die kerk by te woon. Dit is die begin van ons Groot Lydensweekprogram. Sondag herdenk ons Jesus se laaste dae in Jerusalem, voor sy dood. Almal is welkom – kinders, grootouers en uitgebreide familie. Let wel daar is geen Medatiewe - of Gesinsdienste nie. Ons wil graag as groter gemeente die besonderse dag saam vier.

WOENSDAG 28 MAART – NEIL BÜCHNER

Woensdag 28 Maart om 19:00 in die kerk. Kom luister na **Neil Büchner**, liedjieskrywer en sanger. Die vertoning is **gratis**, maar bespreek asb. jou plek deur vanoggend 'n kaartjie by die inligtingstoonbank te neem, of kontak Karin by die kerkkantoor (021 976 4519 / karin@stellenberg.co.za)

[ONS GLO . . .]

JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS begin 18:00 met kleingroepe wat daaruit vloei.
- JUNIOR KLEINGROEPE ontmoet almal vanoggend om 10:00 in die kleinsaal. Die Franse sendelinge, groot vriende van die junior kleingroepe, kom ons besoek en vertel wat hulle die afgelope 30 jaar in Frankryk doen.
- GRAAD 4-EN-5-KAMP 23 tot 25 Maart. Inskrywingsvorms is op www.stellenberg.co.za
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS ontmoet om 17:30 in groepe.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae 18:30 bymekaar, kontak jeugkantoor vir meer info.
- BLISS groep vir jong volwassenes kom Sondae 16:45 bymekaar, met selgroepe Woensdae aande 18:30, kontak jeugkantoor vir meer info.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- JEUG APP gaan na *Google Play* of *Apple Store,* soek "Stellenberg" en laai af.

BESOEK DEUR DUITSERS

Ons is baie opgewonde oor die groep Duitse studente wat die gemeente vir die volgende drie weke kom besoek. Baie dankie aan lidmate wat betrokke is deur huisvesting te voorsien. Die groep gaan verskeie gemeenteprojekte asook die JAMs-span by Apostelbattery besoek. Kom drink vanaand na die Jeugdiens 'n koppie koffie saam met die besoekers.

BUSSIE BESTUURDER

Ons benodig steeds een of twee bussiedrywers wat elke Donderdagmiddag 'n bussie met tieners na die Delft sopkombuis kan bestuur. Die bussie vertrek direk na skool ongeveer 14:30 vanaf Hoërskool Stellenberg. Jy hoef nie 'n PDP lisensie te hê nie. Kontak asb. vir Sunet by sunet@stellenberg.co.za / 021 975 1044 indien jy kan help.

JEUGKLEINGROEPE LOKALE

Graad 1 tot 7: Kleinsaal
Graad 8: Grootsaal
Graad 9: Jeuglokaal
Graad 10: Kerk
Graad 11: Kleinsaal

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

MET MEDELYE

Dankie vir u voorbidding vir Maans en Elana Zandberg met die heengaan van hul moeder **Mavis Stemmet** van Constantia 30. Die roudiens was op 16 Maart in die gemeente.

GROOT LYDENSWEEKPROGRAM

- Sondag 25 Mrt 09:00, kerk - Alle oggenddienste smelt saam om Jesus se laaste dae in Jerusalem, voor sy kruisiging, te herdenk.
- Maandag 26 Mrt 19:00, kerk - Francois Wessels kom vertel meer oor die Joodse Paasfees en die betekenis daarvan vir Christene vandag.
- Dinsdag 27 Mrt 19:00, kerk - 'n Meditatiewe diens.
- Woensdag 28 Mrt 19:00, kerk - Neil Büchner met sang en getuienis.
- Donderdag 29 Mrt 19:00, kerk - Ons vier die instelling van die nagmaal.
- Vrydag 30 Mrt 09:00, kerk - Goeie Vrydag
- Sondag 1 Apr, kerk - Opstandingsdiens om 06:15 en 'n Paasdiens om 09:00.

KUIER BY VOSBURG

Die Vosburg-komitee besoek Vosburg-gemeente vanaf 27 April tot 1 Mei. Ons wil graag 'n uitgebreide gemeentegroep saamneem en nooi enige een om saam te gaan. Ons woon Vosburg se jaarlikse basaar Saterdagoggend by asook die kerkdiens op die Sondag. Kontak Christine Ferreira (083 440 2086) om die nodige reëlings te tref.

HELP ASSEBLIEF

- **Helpers by die kafeteria:** Indien jy bereid is om een / twee keer per kwartaal vanaf 09:00 tot 11:00 op 'n Sondagoggend 'n diensbeurt by die kafeteria te neem, kontak asb. vir Sanel by sanel@stellenberg.co.za (Jy hoef nie skottelgoed te was nie).
- **Sekuriteitshelpers:** Ons sekuriteitspanne wat weekliks roteer om motors tydens eredienste op te pas benodig helpers. Indien jy bereid is om ongeveer een keer in twee maande 'n diensbeurt waar te neem stuur asb. 'n e-pos aan lindy@stellenberg.co.za

EDELWEISS BYBELSTUDIE

22 Maart om 15:00 en 15:45 uit Job 38 tot 42: Die Here praat self ... en Job verstaan!

Edelweiss Huisbyeenkoms
Sondag 25 Maart om 18:00 uit
Johannes 3: 1 – 21 Jesus gee vir Nikodemus lig

Donderdag 29 Maart
18:00 Paasfees nagmaal
(Geen Bybelstudie)

KANTOORURE VIR FINANSIëLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00 en ander weeksdae 09:00 tot 13:00.

BREIGROEP

Ons kom weer op 9 April om 09:30 in die kafeteria bymekaar. Bring gerus 'n vriendin saam. Kontak Ria McMicken by 083 519 0602. Bydraes van enige afvalwol sal waardeer word. Gee asb. by die kerkkantoor af.

VATVYF BYEENKOMS

- **17 Maart** Uitstappie na D'Aria saam met Sonja Herholdt. Die bussies vertrek 09:30 vanaf die kerk.
- **28 Maart om 10:00 in die Kleinsaal**. Kom geniet 'n heerlike oggend saam met ander seniors en kom luister o.a. na **Johan Roos**, Protea spiesgooier (hy het 18 jaar gelde 'n hartoorplanting ontvang) en **Willie du Toit** (gemeentelid) 'n ervare Argus fiets-ryer met 21 Argus fietswedrenne agter die blad. Beide van hulle al 80 jaar plus! **Onderwerp:** Oud maar nog nie koud! Geen koste en besprekings.

INTERKERKLIKE GEBEDSBYEENKOMS

Op 24 Maart vanaf 10:00 tot 14:00 word 'n groot interkerklike gebedsbyeenkoms by die Swartklip Sportgronde in Mitchells Plain aangebied. Angus Buchan is die prediker en tree teen ongeveer 12:00 op. Stellenberg-gemeente ondersteun die inisiatief omdat mense van verskillende kulture en kerkgroepe verenig in gebed.

Bepreek jou plek en vervoer by *i-Tickets*. Die busse vertrek vanaf ingang 9 by die Tygervalleisentrum asook die taxi staanplek by *Cape Gate* winkelsentrum. Indien jy met jou motor wil ry, kontak vir Barry Olivier 073 427 9451 van Kenridge-gemeente. Hy beoog om 'n konvooi motors vanaf Kenridge se kerkperseel na die byeenkoms te begelei.

LEDE VAN DIE SENIORBESOEKSPAN

Al die lede van die seniorbesoekspan word uitgenooi om op Sondag 25 Maart saam met ons te kom kuier in die ou kafeteria gedeelte (langs die markplein). Kom geniet 'n koppie tee en iets te ete.

OMGEEKOMBUIS BENODIG KOSMAKERS

Die Omgeekombuis benodig helpers wat bereid is om een keer per maand op 'n Donderdagoggend behulpsaam te wees met die voorbereiding van etes vir minderbevoorregtes. Kontak Milda Brits by 021 976 519 / milda@stellenberg.co.za indien jy kan help.

GEBEDSGROEPE

Maandag om 09:15 - Vrouebiduur in die gebedskamer.

Dinsdag om 19:00 - Gebedsbyeenkoms in die kapel.

Donderdae om 06:00 - Gebedsbyeenkoms vir mans in markplein.

SNAPSCAN KODE

NG KERK SONSTRAAL

Hou basaar op Saterdag 24 Maart vanaf 09:00 by die Curro-skool in Durbanville.

KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes / jongmense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za